**Saterdag 11 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 8:20 – 9:17**
**Fokusgedeelte: Genesis 9:11-13**
**Jesus Christus bring God se genadeplan tot uitvoering**

God sluit 'n verbond met Noag, sy nageslag en al die diere, naamlik dat Hy nie weer die aarde met 'n vloed sal verwoes nie. As teken van dié verbond gee Hy die reënboog in die wolke. In die oorspronklike taal (Hebreeus) staan daar nie "reënboog" nie, maar "boog". Dit is dieselfde woord wat in die Ou Testament vir die oorlogsboog gebruik word.

Met die teken van die (reën)boog sê God dus dat Hy nie weer met water oorlog sal maak teen sy skepping nie. As gevolg van die sonde is die aarde vervloek en die mens verdien om deur God gestraf te word, maar God sal sy (genade)plan met die skepping voltooi.

Die verbond wat God direk ná die sondvloed sluit, word die natuurverbond genoem. Hierdie verbond is deel van één verbond wat soos 'n goue draad deur die Bybel loop, naamlik die genadeverbond. Met hierdie één verbond sê God vir ons dat Hy ons God sal wees, en dat ons sy kinders sal wees. Maar hoe is dit moontlik? God het sy oorlogsboog teen Jesus Christus gespan. Hy het die regverdige straf op die sonde gedra. Hy het God se genadeplan met die skepping tot uitvoering gebring.

God het die mens na sy beeld geskep om 'n verhouding met Hom te hê, en om sy verteenwoordiger in sy skepping te wees. Die sondeval het egter die beeld van God in die mens baie beskadig. As gevolg van Jesus se verlossing word die beeld van God in die gelowiges herstel. Die Heilige Gees gee ons geloof wat ons aan Jesus en sy verlossingswerk verbind. Deur die werking van die Heilige Gees het ons weer 'n verhouding met God. Hy leer en lei ons met God se Woord en vernuwe God se beeld in ons.

*Sing: Skrifberyming 1-2:1, 2, 3*

*Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)*